# AFRIKAANS HUISTAAL

**VRAESTEL 3**

**GRAAD 12**

**MEI 2019**

**PUNTE: 100** **TYD: 2 ½ UUR**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit **TWEE** afdelings:
   AFDELING A: Opstel (50)
   AFDELING B: Langer transaksionele tekste (25 x 2)

2. Beantwoord **EEN vraag uit AFDELING A en TWEE vrae uit AFDELING B.**

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. ‘n breinkaart, diagram, vloeidiagram, sleutelwoorde, ens.), redigeer en jou skryfstukke proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ‘n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.

7. Daar word aanbeveel dat jy jou tyd soos volg bestee:
   - AFDELING A: 80 minute
   - AFDELING B: 70 (35 x 2) minute

8. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in hierdie vraestel genommer is.

9. Voorsien ELKE skryfstuk van ‘n gepaste TITEL/ OPSKRIF. Let wel: Die titel / opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die aantal woorde getel word NIE.

10. Skryf netjies en leesbaar in BLOU ink.

## AFDELING A: OPSTEL

## VRAAG 1

Kies EEN van die volgende onderwerpe en skryf 'n OPSTEL van 400-450 woorde.

1.1 Voor ek vergeet… [50]

1.2 Ons kan kies of ons klippe wil gooi, daaroor wil struikel, daaroor wil klim, of daarmee wil bou. [50]

1.3

Hoop, wat is hoop?
Dis die wens dat die son weer opkom
Hoop, wat is hoop?
Dis dat vrede by ons uitkom

Hoop, dis die samesyn voor 'n wêreldbeker eindstryd
Hoop, dis die taal van 'n hart
Dis die gees van 'n man wat uitskree


Bring die hoop weer terug. (Joe Black) [50]

1.4 'n Boelie het nie 'n vuis nodig nie. [50]

1.5 Swak lewensomstandighede kan nie sukses keer nie…of kan dit? [50]

1.6 Bestudeer die prente hieronder en skryf 'n OPSTEL oor EEN. Skep jou eie titel. Skryf die nommer en jou titel neer.


1.6.1



[Source: www.businessinsider.com]

[50]

1.6.2



[Source: www.claytonearlylearning.org]

[50]

1.6.3



[Source: www.nostalgia.com]

[50]

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**Blaai asseblief om vir afdeling B**

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

Kies TWEE van die volgende onderwerpe en skryf 180-200 woorde oor elk. Skryf die vraagnommers neer.

2.1 **TOESPRAAK**

Die Wêreldgesondheidsorganisasie se navorsing bewys dat daar ‘n sigbare toename is in diabetes, hartsiektes en obesiteit onder jongmense. Een van die hoofredes van hierdie siektes is ‘n onaktiewe leefstyl. Dit is ‘n kommerwekkende situasie, ook in jou gemeenskap.

As ‘n gesondheids- en leefstylafrigter, word jy genooi om ‘n toespraak te lewer oor die

belangrikheid van deelname in sport/fisiese aktiwiteite en hoe so ‘n leefstyl hierdie siektes kan voorkom. Skryf hierdie toespraak. [25]

2.2 **BRIEF AAN DIE PERS**

‘n Kompetisie wat kreatiewe idees bevorder, is geadverteer in ‘n nasionale koerant. Ongelukkig het hierdie kompetisie nie aan jou verwagtinge voldoen nie.

Skryf ‘n brief aan die pers waarin jy jou teleurstelling hieroor uitspreek. Maak ook voorstelle vir verbetering. [25]

2.3 **HULDEBLYK**

‘n Baie gesiene persoon wat na aan jou hart gelê het, was die slagoffer van padwoede en het daarna gesterf.

Skryf die persoon se huldeblyk in die gemeenskapskoerant. [25]

2.4 **FORMELE BRIEF**

‘n Jong persoon in jou gemeenskap het internasionale erkenning ontvang vir ‘n opspraakwekkende uitvinding.

Skryf ‘n brief aan hierdie persoon waarin jy hom/haar gelukwens met hierdie prestasie.

[25]

2.5 **DIALOOG**

Gebruik die prikkel hieronder en skryf die gesprek tussen enige twee van hierdie karakters neer. [25]



2.6 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy het onlangs teruggekeer van ‘n familiekuier in ‘n ander provinsie. Jy het van publieke vervoer gebruik gemaak. Toe jy by die huis kom, het jy agtergekom dat jy ‘n ander persoon se bagasie gevat het. Jy het die persoon se adres in een van die tasse gekry.

Skryf ‘n brief aan hom/haar om ‘n oplossing vir die probleem te vind, [25]



[Source: www.alphaphibag.com]

**TOTAAL AFDELING B: 50**

**GROOTTOTAAL: 100**